NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 10 FEBRUARIE 2014 BY DIE NG GEMEENTE MOOTVALLEI, H/V LOUIS TRICHARDTSTRAAT EN MORGANLAAN, PARKTOWN.

Voorsitter	Sekretaris	Tesourier
DD Fourie	Ingrid Weyer	L E Weyer (waarnemend)
Tel 012 5671776	012 3452617	012 3452617
0713540190	0828574130	0823544218
	liweyer@mweb.co.za	

1 Verwelkoming

Les Weyer open die vergadering met gebed.

1.1. Teenwoordig: Dave Fourie, Les Weyer, Ingrid Weyer, Dries Jacobsz, Sias Spangenberg, Buks Grobbelaar en Sarel Myburgh, Marius en Carmen Deysel.

1.2. Verskoning: Bertus Grobler, Neville Greyling, Ds Jan Botha, Robert Heunis, Tewie Mey, D van Rooyen, Francois du Preez, Tommie Kibaya en Sumael Erasmus.

2. Nuwe lede

Marius en Carmen Deysel sluit aan as vennootskap “MACA”. Hulle hou kanaries aan.

3. Lief en leed.

4. Fondsinsameling:

Buks Grobbelaar en Sias Spangenberg het fondse ingesamel vir die Glosters.

5. Bevestiging van die notule van die vorige vergadering.

Die notules word aanvaar, Les Weyer en Dries Jacobsz.

6. Sake voortspruitend:

6.1 Jongvoëlskou. Die datum word bepaal: Saterdag 10 Mei.

- Die afdak op die plot by die stellasies sal gebruik word. Daar is plek vir 300+ voëls.
- Daar is ook braaigeriewe.
- Lede moet asseblief enige beskikbare ou rosette by Sias besorg sodat dit weer gebruik kan word.
- Kwotasie vir druk van plekkaaartjies by Jetline word goedgekeur. Versoek vir kaartjies tot en met 7e plek. ‘Special’ kaartjies kan op die Benchabird program gedruk word.
- Sias onderneem om die program te gebruik.
- Lede word versoek om trofees terug te bring en Les sal poog om trofees op te spoor by lede wat bedank het.

6.2 **Ringe**: Tesourier versoek dat bestellings, streng vooraf betaal, so spoedig moontlik geplaas word. Hy wag bestelvorms in.

6.3 **Rooikos.** Tesourier het 1 Kg bestel. Houers sal steeds @ R90 verkoop word.

7.Finansiële verslag

- Volledige state aangeheg, en verslag word aanvaar (Sarel en Dries). Uitstaande ring gelde word afgeskryf.
- Buks onderneem om die prysgelde vir die vorige Nasionale Skou vir die Frills en Lizards in te betaal.
- PCBC webwerf lok steeds belangstelling.

8. SANCBA

Die notule van die vergadering van 12 Januarie is aangeheg.

9. NRCBA

- Die notule van die vergadering van 12 Januarie is aangeheg, en op die webwerf.
- Die klub benoem Dave en Les om weer die klub te verteenwoordig.
- Die klub benoem Peter Brummage as voorsitter; Les Weyer as vise-voorsitter en Herman Groenewald as Sekretaris/tesourier vir die komende verkiesing.

10.Korrespondensie

Geen

11. Algemeen

11.1 Palm Fruit Oil, wat baie goed is vir voëls, is @ R40 per 500ml beskikbaar by Tesourier.

12.**Afsluiting**

Die volgende vergadering word beplan vir 10 Maart 2014 om 19:00.

Voorsitter **Datum**